14 Maart 2023

Familienuus 432

[Sien skakel onderaan die dokument indien jy nie meer Familienuus wil ontvang nie.]

VANUIT DIE SINODEHUIS

Lydenstyd. Dié tyd van die kerklike jaar waar ons stil word, nadink, aangegryp word deur die Evangelie, én oor ons eie lewens in die lig van die Evangelie besin...

[Hiervandaan ploeg ek met die kallers van my dominees oor 'n skrywe van Janet Griffin...]

"One of the best sermons we ever heard about Lent came from a Priest who took a whole new approach to the idea of giving up things for Lent."

"Jesus would probably laugh at us for giving up things like chocolate, beer, coffee...all the things that actually bring us joy and make us happy. What He might suggest is giving up the things that make us miserable in God's Paradise. Things like self-doubt, insecurities, jealousy, greed, and gossip and anger. The things that move us away from The Light. Honour His sacrifice by giving up The Darkness in your life."

GEMEENTES EN LERAARS

Ryk van Velden se termyn by **Krugerwildtuin** eindig 31 Maart.

Lynnwoodrif bied 'n **Passiespel** aan vanaf 21 – 23 Maart. Hier is die besonderhede.

PRODUKTE en TOERUSTING

Excelsus is die voertuig van die Teologiese Fakulteit waardeur leraars toegerus word. Hulle stuur telkens die bekendstelling van hulle kursusse na gemeentes en leraars uit. Gee asseblief goeie aandag hieraan. Hulle webwerf is www.excelsus.org.za . Die kursus Dink nuut oor jou bediening is vir leraars in die middelfase van hulle bediening. 'n Werkswinkel oor Paastyd word op 15 – 16 Maart aangebied

BybelMedia het 'n spesiale R50 aanbod vir Lydenstyd.

Ons bied die volgende seminare aan: 50+ Seminaar, Enkellopendes, Egpare, Verloofdes (Huweliksvoorbereiding) en Tienerkampe.

Lewensverryking Seminare: Lees gerus meer ons hier:

ONS PREDIKANTEKONFERENSIE

Die week direk na Pinksterfees – **29 Mei tot 2 Junie** - gaan ons Skukuza toe vir ons jaarlikse asemskep en toerusting oor 'n aktuele onderwerp. Die Sinodale Diensraad finaliseer tans die spreker en tema vir 2023.

Die blyplek wat Sanparke vir ons groep reserveer, is beperk. Kontak dus dadelik vir Tersia by die Sinodehuis hieroor. Die sluitingsdatum is volgende week.

Aangeheg is die skrywe met inligting asook die inskryfvorm.

NOVO VENNOOTSKAP

Die Novo Partnership is 'n netwerk wat bestaan uit gemeentes van die NG Kerk wat betrokke is by die Novo Sinode van die IRM in Mosambiek.

Die Novo Partnership vergader een maal per jaar en het ten doel dat afgevaardigdes van die Novo Sinode en NG Kerk in gesprek met mekaar tree om saam te besin oor die werk in die suide van Mosambiek.

Moderatuurslede van die Novo Sinode verskaf inligting oor die resente politieke en kerklike situasie in Mosambiek. Inligting oor en behoeftes van leraars en gemeentes word ook gedeel. Dit skep die geleentheid vir NG gemeentes om verhoudings met die IRM te verstewig en hul eie betrokkenheid te evalueer.

Verder kry NG kerk gemeentes geleentheid om suksesse en uitdagings rakende hul uitreike en betrokkenheid by Novo Sinode te deel. Dit is van groot belang dat gemeentes van mekaar leer oor waar en hoe uitreike beplan en uitgevoer word. Samewerking en kommunikasie tussen gemeentes is nodig om te verhoed dat duplisering van ondersteuning en werksaamhede plaasvind.

Aangesien die NG Kerk se betrokkenheid by die Mosambiek verhoudingsgedrewe is, is dit van groot belang dat gemeentes moeite sal doen om te verseker dat hul verteenwoordig word en betrokke is by die werksaamhede van die Novo Partnership.

VIR AANDAG FINANSIËLE BEAMPTES

Daar gebeur nou **2 belangrike dinge** in die finansiële afdeling van die kerkkantoor:

a. Ons nuwe **Bydraes vir Gesamentlike Bediening** (BGB)-model tree in werking vanaf 1 Maart 2023. Ons is saam opgewonde oor 'n model wat gemeentes sal help – en wat terselfdertyd kan toesien dat Oostelike Sinode se bediening oor 'n wye veld steeds kan voortgaan. Gemeentes moet dus nou die **begroting** vir 2023/24 na die Sinodehuis stuur.

b. Verder moet daar nou gewerk word aan die gemeente se **finansiële state**. Hierdie bly steeds die belangrikste dokument vir die finansiële bestuur van die gemeente. Die kerkraad benodig die state om 'n volledige beeld te hê van die finansiële posisie van die gemeente. Dit word benodig deur die bank en die Ontvanger van Inkomste se OWO-eenheid.

Die pro forma-dokument is reeds aan die gemeentes gestuur om aan die ouditeur / rekenmeester te gee. Moet asseblief nie die state in 'n ander formaat opstel nie.

Finansiële beamptes het reeds 'n skrywe ontvang waarin die Sinode aanbied om hand te gee met die **administrasie van salarisse**. Heelwat gemeentes het aangedui dat hulle belangstel om dit te doen. Dis 'n gratis diens wat die Sinodehuis gaan lewer. Kontak dadelik vir Cathy Odendaal in die Sinodehuis sodat julle syfers in plek kan wees wanneer die nuwe finansiële jaar op 1 Maart afskop.

Onthou asseblief om die inligting op ons **webwerf** te benut www.sinoos.co.za .

Ons het almal verlof geneem en die Sinodehuis is gesluit op **20 Maart.**

Geseënde Paasvakansie!

VERJAARSDAE

Baie geluk aan elkeen wat tot 17 April verjaar.

PREDIKANTE

17 Maart - Vollie Gilfillan, Dennesig
18 Maart - Ronnie Stanton, Pretoria-Garsfontein
20 Maart - Jim De Villiers, Witbank
21 Maart - André Bartlett, Dosent UP
21 Maart - Arline Meyer, Pierre van Ryneveld
21 Maart - Johan Taute, Lux Mundi
23 Maart - Francois Retief, Oostelike Sinode
23 Maart - Herman Matthee, Debruinpark-Ermelo
23 Maart - Pieter Malherbe, Barberton

24 Maart - Dieter De Bruin, Pretoria-Faerie Glen
27 Maart - Willem Badenhorst, Moreletapark (
30 Maart - Meyer Van Wyk, Piet Retief
6 April - Fredrick Wilson, Lydenburg-Suid
7 April - Elbert De Kock, Letsitele
8 April - Teodor van der Spuy, Moreletapark
9 April - Chris Lötter, Rayton
13 April - Maans van Zijl, Witbank-Suid

EMERITI

15 Maart - Carl Schoeman, Phalaborwa 2021
20 Maart - Johnnie Grobler, Kragveld 2017
23 Maart - Giepie Peens, Ohrigstad 2021
30 Maart - Daan Botha, Tzaneen-Wolkberg 2010
1 April - Daan Dekker, Dundee-Suid 2002
6 April - Attie van Niekerk, ISWEN by UP 2007
6 April - Lemmer Venter, Lydenburg 2011
7 April - André Kok, Olifantsfontein 2019
7 April - Kobus van Zyl, Doornkloof 2003
13 April - Nic Grobler, Pretoria-Oosterlig 2007
17 April - Barry van der Merwe, Letsitele 2013
17 April - Faure Louw, Elarduspark 2009

GEMEENTES

15 Maart - Hazyview (48)
20 Maart - Nelspruit-Suid (59)
1 April - Krugerwildtuin (37)
1 April - Lux Mundi (35)
14 April - Piet Retief (135)
15 April - Wakkerstroom (162)
17 April - Pretoria-Faerie Glen (46)

SINODE PERSONEEL

25 Maart - Elna de Bruyn, Oostelike Sinode

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

NOTA: INDIEN U WIL UITTEKEN EN NIE MEER DIE FAMILIENUUS WIL ONTVANG NIE, KLIEK HIER.

VRYWARING: Die informasie vervat in die boodskap is konfidensieel en word beskerm deur die reg. Indien u nie die geadresseerde is nie, wis asseblief uit en verwittig die afsender. Dit is onwettig om die inhoud van die boodskap bekend te maak, te kopieer of te versprei, of enige aksie te neem wat op die inhoud daarvan gebaseer is.
Kontak die afsender indien jy die e-pos foutiewelik ontvang het.

DISCLAIMER: The information in this message is confidential and may be legally privileged. It is intended solely for the addressee. Access to this message by anyone else is unauthorized. If you are not the intended recipient, any disclosure, copying, or distribution of the message, or any action or omission taken by you in reliance on it, is prohibited and may be unlawful.
Please immediately contact the sender if you have received this message in error.